

September
2011Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400
---------------------------------	-----------------------------------

Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand

UITBLINKERS KRY ERKENNING

Marianné Beyleveldt, weduwe van die ontslape Theo Beyleveldt, voormalige burgemeester van Munisipaliteit Overstrand, het op Donderdag 28 Julie 2011 Munisipaliteit Overstrand se toekenning as Vrou van die Jaar ontvang tydens die Aand van Uitnemendheid wat in Hermanus gehou is.

Die Grootbos-stigting is met die Burgemeesters-trofee vir Omgewingsbewaring bekroon, en die Vriende van die Hermanusbiblioteek het erkenning gekry vir hulle pogings om fondse in te samel vir die aankoop van boeke en ander materiaal vir hierdie belangrike kulturele hulpbron in die samelewing.

Tien ander individue en instansies het ook toekennings ontvang. Birdlife Africa, South African Shark Conservancy, Gansbaai Recycle Swap Shop en dr Vic Hamilton-Attwell was almal finaliste vir die Burgemeesters-trofee vir Omgewingsbewaring; Lois Kleyn, voormalige bestuurder van die Enlighten Education Trust, het 'n Toekenning vir Uitnemendheid ontvang, en Susan Swanepoel, Maureen Smith, Gerda Wessels, Adele Levitan en Annerie Nel is as Vrou van die Jaar genomineer.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het gesê 'n aand soos dié gaan nie net oor erkenning nie maar ook om mense te inspireer om meer vir hul gemeenskap en die omgewing te doen.

Die Grootbos-stigting, byvoorbeeld, het haar ge-wys hoe om woorde in aksie om te skakel en ware en volhoubare ekonomiese waarde uit die beskerming van die natuur te put. In die proses is werk aan die een kant geskep, terwyl plaaslike en internasionale belangstelling in die area ook gestimuleer is. Hulle werk kring uit na die res van die gemeenskap soos 'n klippe wat in 'n poel gegooi word.

Lois Kleyn en die Enlighten Education Trust het tot die bles gekom dat die sleutel tot die toekoms in onderwys lê en het werk gemaak van die afname in gesyferdheid en geletterdheid op plaaslike vlak. Die Vriende van die Biblioteek het tee en koek gebruik om 'n aardige bedrag in te samel om boeke en ander materiaal vir ons Hermanusbiblioteek te koop en sodoende die tersaaklikheid daarvan as 'n kulturele hulpbron in ons gemeenskap te verseker.

Ter afsluiting het sy gesê Marianné Beyleveldt, of 'MaThabo' soos sy bekend gestaan het, was die vrou agter die sterk man wat vir 'n té kort tydjie aan die Overstrand gegun is. Theo Beyleveldt se prestasies is vermag as gevolg van die ondersteuning van 'n wonderlike eggenote wat hom nie net die ruimte gegun het om 'sy manneuvre uit te voer nie' maar ook 'n veilige skans gebied het waarheen hy saans kon terugval. Sy het sy-aan-sy saam met hom ge-werk en was ongetwyfeld sy vernaamste raadgewer en 'n lewensmaat sonder gelyke.

"Dit is waarom ons vir jou lief is en jy altyd 'n ere-plek in ons harte sal hê," het mev Botha-Guthrie gesê.



BO: Van links staan Desiree Arrison, Gerda Wessels (Gansbaai), Maureen Smith (Kleinmond), Susan Swanepoel (Kleinmond), Marianné Beyleveldt, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie en Adele Levitan (Hermanus). **REGS:** Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie met Overstrand se Vrou van die Jaar 2011, Marianné Beyleveldt. **HEEL REGS:** Michael Lutzeyer ontvang die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring namens die Grootbos-stigting. Saam met hom is Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie.



TOONBEELD VAN VOLHOUBAARHEID

Die welstand van die gemeenskap langs ons Kaapse Walviskus en die ekonomiese waarde van die verbandhoudende die ekonomiese waarde is ten volle daarvan afhankelijk dat ons Overstrand se omgewing vir die nageslag bewaar, en dit word beklemtoon deur die jaarlikse mededinging om die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring.

Dr Anina Lee, voorsitter van Whale Coast Conservation en organiseerder van die kompetisie, het op Donderdag 28 Julie 2011 tydens Munisipaliteit Overstrand se Aand van Uitnemendheid in Hermanus gesê dié toekenning verleen erkenning vir die onvermoeide werk wat deur baie individue en organisasies, groot en klein, gedoen word om natuurbates te bewaar.

Hierdie jaar se wenner, die Grootbos-stigting, het vername bewaring- en ontwikkelingsprojekte geïmplementeer wat die bewaring van biodiversiteit en maatskaplike opheffing in die Walkerbaastreek bevorder, het sy gesê.

Die stigting bedryf die meeste van sy projekte as selfonderhoudende entiteite wat hulle eie inkomste uit die verkoop van tuisgekwekte produkte genereer.

Hierby ingesluit is die Green Futures-kollege vir tuinboukunde en lewensvaardighede, Growing the Future wat voedsel produseer en opleiding in lewensvaardighede bied, en Future Trees. Die stigting het ook noue bande met die SA Sokkerstigting wat sportontwikkeling in Gansbaai en omgewingsbewustheid bevorder.

Die Grootbos-stigting se maatskaplike verantwoordelikhedprojekte word volgens bewese sakebeginsels bestuur wat hulle doeltreffend en volhoubaar maak. Bewaring word met navorsing en die generering van 'n volhoubare, natuurgebaseerde lewensbestaan vir programmeelnemers gekombineer. Elk van die projekte het 'n komponent wat self fondse voortbring wat volhoubaarheid bevorder en mans, vroue en kinders in die Gansbaai/Stanford-omgewing bemagtig.

Die projekte bied nie net praktiese vaardighede nie maar ook lewensvaardighede, 'n kombinasie wat 'n groot sosiale impak het in 'n gebied waar vaardighede grootliks ontbreek, aldus dr Lee.

Die ander finaliste was Birdlife Overberg, dr Vic Hamilton-Attwell, die Suid-Afrikaanse Haabewarea (SACS) en die Gansbaai Recycle Swap-Shop.

TWO OCEANS HERMANUS-WALVISFEES

Die TWO OCEANS Hermanus-walvisfees wat sy 20ste jaar as die enigste omgewingsvriendelike kunstefees in Suid-Afrika vier, "plaas vanaf 30 September tot 4 Oktober die bewoners van die see neffens topkunstenaars en -musici in die kollig op die verhoog".

Hermanus, bekend as die beste bestemming in die wêreld om walvisse vanaf die land te beskou, gaan as gasheer vir duisende besoekers (in 2010 het ons 130 000 besoekers verwelkom) optree wat na hierdie kusoord stroom om hulle in die unieke naturomgewing te verlustig, walvisse te bekijk en op die maat van musiek en Afrika-ritmes te jol. Die walvisse is soos gebruiklik die fees se sterre en

sal op land gekomplementeer word deur fantastiese kos, kunshandwerkers uit die boonste rakke, sport-items, vermaak vir die kinders en duisende mense wat die lente op die mooiste plek op aarde – Hermanus – vier.

In 2010 het die fees sy vlerke uitgesprei om ook 10 plekke rondom Hermanus te dek, en ons is van voorneme om dit in 2011 nog verder te voer deur ook, onder andere, Mount Pleasant en die Gateway-winkelsentrum in te sluit.

Die volledige program is beskikbaar by die feeskantoor. Vir meer inligting, skakel 028 313 0928, e-pos festival@hermanus.co.za of besoek www.whalefestival.co.za



Koningprotea (Christine Wakker)

KIES KOERS NA BLOMME-EN-EKOKERMIS

Die lente is hier, en so ook die Blomme-en-Ekokermis in Hermanus. Gryp dus 'n hoed – en die sambreel, net ingeval – en kies koers na die Fernkloof-natuurreservaat, die bes bewaarde geheim aan die Kaapse Walviskus en vir botaniste een van die 'bestes' onder al die 'bestes' wat die Kaapse Floristiese Streek te bied het. Die skou duur vanaf Donderdag 22 September tot Sondag 25 September, daaglik vanaf 09:00.

Aangesien 2011 die Internasionale Jaar van Woude is, is die tema vir vanjaar se blommetoontelling heel gepas 'n Afrika-bergwoud in die klein, kompleet met sy eie waterval en omring deur asemrowende fynbos – ontwerp deur die landskapkunstenaar Riaan Maritz van The Garden Company hier in Hermanus.

Kom geniet die blomme en die heerlike tees en middagetes, besoek die inheemse kwekery, koop 'n lootjie en staan 'n kans om 'n superprys los te slaan of kom geniet eenvoudig 'n pieknik in die asemrowende tuine. Nog 'n nuwigheid vanjaar is dat bome en ander plante in sakkies wat as deel van die tentoonstelling gebruik word, gekoop en afgehaal kan word wanneer die skou Sondag ten einde loop. Vir diegene wat meer energie is, bied die 60 km-lange staproetes in die reservaat ruim geleentheid om die fynbosbedekte berge bo Hermanus te verken.

Die ekovriendelike mense van Whale Coast Conservation sal byderhand wees om hul visie vir die bewaring van die Kaapse Walviskus met alle belangstellendes te deel – asook hoe hulle beplan om te verseker dat die wonders van ons natuurfernis vir altyd behoue bly.

Volwassenes R30, kinders gratis; Donderdag spesiale aanbieding vir seniors R20

Besoek www.fernkloof.com (tel 028 313 0819) of www.whalecoastconservation.org.za (tel 028 313 2025) vir meer inligting.

NUWE PLAN VIR BESTEMMINGSBEMARKING

'n Nuwe stelsel om Overstrand as toerismebestemming te bemark, is deur die Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, aangekondig. Soos deur die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur vereis, sal hierdie stelsel regstreekse beheer deur Munisipaliteit Overstrand oor die verspreiding en gebruik van openbare fondse fasiliteer, terwyl 'n groter mate van kohesie en sinergie binne die toerismebedryf terselfdertyd in die vooruitsig gestel word.

Dit vervang die huidige bestemmingsbemarkings-organisasie, Cape Whale Coast, wat in 2007 tot stand gekom het ooreenkomstig die provinsiale model waarvoor in die Wes-Kaapse Toerismewet van 2004 voorsiening gemaak is. Op daardie tydstip het die munisipaliteit ook 'n gedifferensieerde eiendomsbelastingbeleid opgelê waarvolgens alle sake-ondernemings teen 'n effens hoër koers as residensiële eiendomme aangeslaan word. Befondsing vanuit hierdie bron van inkomste is via die BBO na, ondermeer, die geografies geleë toerismeburo's in Overstrand en ook na die onderskeie goedgekeurde feesse gekanaliseer.

Hoewel die primêre doelwitte behaal is, is bepalinge in die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur van so 'n aard dat 'n groter mate van regstreekse beheer deur die munisipaliteit oor die verspreiding en gebruik van die toegewese fondse vereis word.

Die behoefte aan 'n toegewyde toerismebeamp

is ook geïdentifiseer en die munisipaliteit is van voorneme om só 'n aanstelling binne die Direktoraat Ekonomiese Ontwikkeling te maak. Dit sal die taak van hierdie persoon wees om die aktiwiteite van die verskillende toerismeburo's te koördineer en om 'n eenvormige strategie vir die bemarking van Overstrand as 'n toerismebestemming te bevorder.

Die daarstelling van 'n advieskomitee vanuit die gemeenskap word ook in die vooruitsig gestel. Hoewel sodanige komitee nog nie gefinaliseer nie, kan dit uit verteenwoordigers van die onderskeie toerismeburo's plus lede van toerismeverwante ondernemings bestaan. Daar word geglo dat deur hierdie proses te volg, alle rolspelers en belanghebbers na behore hulle stem kan laat hoor en dat die advies wat op hierdie manier ingewin word, tot uitvoer gebring sal word.

Die implementeringsdatum is voorlopig as 1 September 2011 gestel aangesien die sake van die BBO as 'n afsonderlike regsentiteit nog afgehandel moet word.

Die Burgemeester het lede van die BBO opreg bedank vir hulle leierskap en bereidwilligheid om so baie van hulle persoonlike tyd in te boet. Dit is te danke aan hulle pogings dat Hermanus tot Dorp van die Jaar verkies is, die handelsmerk Cape Whale Coast daargestel is en 'n bemarkingsprogram, wat wye publisiteit aan die Overstrand as toerismebestemming bied, die lig gesien het.

MOENIE MET RIVIERMONDINGS PEUTER NIE

Onlangse mislukte pogings om die mondings van die Kleinrivier-estuarium en die Kleinmond-lagune oop te maak, wek kommer aangesien beide pogings kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) onwettig is.

Ooreenkomstig die regulasies vir omgewingsimpakevalueringe wat in 2010 kragtens NEMA uitgevaardig is, mag kunsmatige deurbreking van estuaries nie sonder magtiging deur die provinsiale omgewingsowerheid – die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOS&OP) – plaasvind nie. 'n Basiese evaluering word deur DOS&OP vir sodanige magtiging vereis, tensy toestemming verkry is om 'n ooreengekome bestuursplan te implementeer.

Bestuursplanne om die mondings van beide estuaries te bestuur, is deur DOS&OP goedgekeur en enige handeling wat teenstrydig hiermee is, sou dus 'n oortreding van NEMA wees. Indien NEMA-oortreders skuldig bevind word, kan hulle 'n boete van tot soveel as R5 miljoen of 10 jaar gevangenisstraf, of albei, opgelê word. Die goedgekeurde bestuursplanne sluit kriteria en bestepraktikryglyne vir kunsmatige deurbreking in wat tydens werksessies deur, onder andere, wetenskaplike kundiges en plaaslike belanghebbers ontwikkel is.

Die Kleinrivier-estuarium is in 2010 ten teye van die Nasionale Biodiversiteitsevaluering as die vyfde belangrikste in Suid-Afrika aangeslaan, en as 'n viskweekgebied lewer dit 'n 'ekosisteediens' van beduidende ekonomiese belang, mits die estuarium elke paar jaar oopgaan. Die Bot-estuarium maak 12% van die totale estuariumviskweekgebied vanaf Valsbaai tot by Port Alfred uit, en hierdie ekosisteediens – met 'n geraamde waarde van R50 miljoen – moet bewaar word.

Die mondingbestuursplanne kan vanaf www.overstrandestuaries.co.za afgelaai word (klik op 'Klein' en dan op die skakel onderaan die bladsy). Pogings om die estuaria kunsmatig deur te breek, kan gerapporteer word aan Munisipaliteit Overstrand se beherkamer by 028 313 8111 of aan die Estuariumbestuurkoördineerder, Sue Matthews, by 083 381 5432.

Sue is aan Munisipaliteit Overstrand gekontrakteer in 'n pos wat deur Die Tafelbergfonds, 'n WWF-SA geassosieerde trust, befonds word.



DRAKENSBERG KOOR IN DORP

OAK het die Overstrand oor die afgelope twee maande op 'n musikale fees getraakteer. Hierby ingesluit was die begaafde duo Ben Schoeman (klavier) en Dawid Venter (fluit) – wat 'n genotvolle aand – 'n rietkwintet uit Nederland en ook die talentvolle jong Suid-Afrikaner, Jan Hugo, wennen van UNISA se 2011-klavierkompetisie! Op Sondagmiddag, 25 September om 15:30 gaan die DRAKENSBERG-SEUNSKOOR 'n konsert in die NG Kerk aanbied. Maak seker dat u vroegtydig bespreek! Kaartjies kos R80 vir volwassenes en R40 vir studente. Bespreek by BELLINI by 028 312 4988. Enige ander navrae kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.